*Saterdag* **22 November**

**Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21**
**Fokusgedeelte: Romeine 5:20-21 (AFR2020)**

**In Jesus Christus voer die werklikheid van God se genade die botoon**

Romeine 5 is ’n hoofstuk vol blydskap. Die eerste vyf verse wys hoe jy jou in jou persoonlike posisie, in jou vooruitsigte, selfs in jou moeilikhede kan verbly. In vers 6-10 is daar blydskap opgesluit in die geestelike posisie waarin God ons deur die werk van Jesus Christus in geplaas het. In vers 11 kan ons ons in Wie God Self is, verbly. Om roem te mag vind in God deur Jesus Christus, deur Wie ons met God versoen is.

Hierna word ons ingelei in die heerskappy wat die sonde en die dood oor ons lewe sou gehad het as dit nie was wat Jesus Christus vir ons gedoen het nie. Die eerste mens Adam was die inleiding op die dood wat geslag na geslag oor die mensdom sou heers. Die eerste Adam was al ’n heenwysing hoe nodig dit is dat daar ’n tweede Adam in hierdie wêreld sou moes kom (vs 14).

Die werklikheid van God se genade het in Jesus Christus die botoon kon voer. In vers 15 staan dit al duidelik dat die genade van God ’n oorvloedige genadegawe geword het. Dit word net nog oorvloediger. Dieselfde genadegawe het gemaak dat ons as mense uit baie misdade vrygespreek kon word (vs 16). Die gawe van God se regverdiging het deur die een mens, Jesus Christus, in die lewe regeer. Die sonde en die dood kon nie meer heers nie.

Wanneer God se Wet die sonde net nog duideliker kon aandui, dat dit kon lyk die sonde word net nog meer en meer, maar “namate die sonde toegeneem het, het die genade net nog soveel oorvloediger geword”.

Hierdie besondere genade word op die einde die grootste wat dit kan wees. God se genade heers oor alle terreine van die lewe. Verbly jou daarin! Die botoon van God se genade strek tot in die ewige lewe. Die sonde het deur die dood geheers, maar nou heers God se genade deur God se regverdiging. Dit wat lei tot die ewige lewe in Jesus Christus, ons Here.

*Sing: Psalm 31-1:17*
*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*